

# Die teenwoordigheid van God in die Rutverhaal

PM Venter  
Universiteit van Pretoria

---

## ABSTRACT

The presence of God in the book of Ruth as story

A study of the book of Ruth as a story, substantiates the viewpoint that it has as its main theme, the question of God's presence in the world. Two features of the narrative are investigated to prove the point. The two main characters of the story, Boaz and Naomi, never meet each other. This feature is used by the narrator to indicate the dialogue between God and Naomi as indirect and only visible in human activity. The spatial aspect of the story is used to enhance the theological perspective, namely that there is a third dimension to human interaction: God uses everyday events and common people in his ongoing dealings with mankind.

## ONDERSOEK NA DIE VERHAALMATIGE IN DIE RUTVERHAAL

Die tema van God se teenwoordigheid in die wêreld kom baie in Dogmatiek-handboeke voor. In die GKN-dokument 'God met ons', word die openbaring van God met sy teenwoordigheid verbind. Die Christen bely dat alles om hom, soos skepping, historiese gebeure en die oorgelewerde Bybel, 'enerzijds gewone dinge en woorde zijn, anderzijds hun wezenlijke betekenis missen als niet de derde dimensie, de beslissende betekenis van goddelijke Aanwezigheid erin onderkend wordt' (*God met ons*, 1981: 20).

Hierdie formulering kan vanuit 'n ondersoek na die verhaalmatige aspekte van die Rutverhaal ondersteun word. Die wyse waarop die Ou-Testamentiese wetenskap by hierdie formulering uitkom, sal noodwendig verskil van die wyse waarop die Dogmatiek daarby uitkom. Waar die metafoorvorming van die dogmatikus ingestel is op die formulering van universele simbole, druk die Ou-Testamentikus homself uit in terme van die taalhantering en die historiese taalgemeenskap waarin die Bybel tot stand gekom het. Waar die dogmatikus aan die Bybelskrywers eerder 'n reseptiewe funksie toeken ten opsigte van die openbaring, sal die Bibliikus met

groter vrymoedigheid aan hom 'n 'kreatiewe funksie, weliswaar nie ten opsigte van die ontstaan van die openbaring nie, maar wel ten opsigte van die linguale en met name die metaforiese spreke oor die openbaring' (Heyns 1987: 19) toeken. Die Ou-Testamentikus is egter van oortuiging dat hy in hierdie 'kreatiewe funksie' van die skrywer(s) van Rut 'n teologiese paradigma sal vind vir die openbaring en teenwoordigheid van God in die wêreld. 'n Bybelskrywer het nie alleen reseptief gestaan tot die openbaring van God in sy lewe nie, maar het ook uit daardie ervaring kreatief oorgegaan tot die daarstelling van 'n paradigma wat instrumenteel kon wees in die voortgaande openbaring van God. Om sy geloofskennis oor te dra, het die skrywer uit al die moontlike kommunikasie-strategieë vir die verhaalvorm gekies: 'n Strategie van kommunikasie waarin die estetiese elemente van die verhaal die mees effektiewe onderbou gebied het vir die tipe inligting wat die spreker wou kommunikeer (vgl Williams 1982: 15). Om die woord oor God, die teologie in Rut oor God se teenwoordigheid in die wêreld te begryp, moet die Bybelleser hom dus in die tipe kommunikasiegebeure laat betrek waartoe die Rutverhaal hom uitnooi. Hy moet deel word van 'n vertelgebeure waarin verskillende faktore 'n dinamiese rol speel. Volgens die model van De Bruin (1988: 17) kan twee groepe faktore onderskei word: teksinterne en tekseksterne faktore. Onder interne faktore word alles in die teks self, wat die hoorder in 'n bepaalde gedagterigting lei, verstaan. Sleutelwoorde, dialoog wat gevoer word, gebeure wat herhaal word en inligting wat verwyg word, is maar 'n paar van die sake in 'n verteltekste wat die denke van die hoorder stimuleer en in 'n bepaalde koers stuur. Eksterne faktore by die vertelgebeure is al die sake wat bepaal hoe die hoorders die verhaal beleef. Die tipe hoorder en die resepsiesituasie bepaal wat die persoon uit 'n vertelervaring gaan uitlig as dit wat hom sal bybly.

Vanweë die groot verskeidenheid van tekseksterne faktore, soos verskille in kultuur en die verskil in die tyd waarin verskillende lesers leef, maar ook vanweë teksimmanente faktore soos doelbewuste verswyging (*reticence* - Alter 1981: 114-130) en dubbelsinnighede (*ambiguity* - Sasson 1979: 218) wat lesers uitlok om 'n verhaal op meer as een manier te verstaan, sluit verskillende hoorders by verskillende teksimmanente eienskappe aan en lig verskillende sake uit as die belangrikste in 'n vertelling. Loader (1987: 111-113) toon vier kategorieë in die beskouings oor die betekenis van die Rutverhaal aan:

- Rut is 'n protes teen Esra se verbod op gemengde huwelike;
- Rut is 'n verhaal van liefdestrou en solidariteit;
- Rut is 'n verhaal van God se onopsigtelike leiding in die lewe;

- Rut is 'n verhaal waarin getoon word dat God se leiding nie risiko vir mense uitsluit nie.

By elkeen van hierdie vier beskouings bestaan daar 'n groot aantal variasies, soos die beklemtoning van die Moabitiese afkoms van Dawid, die ruimte in die volk van God vir mense van heidense afkoms en so meer.

My indruk dat Rut 'n novelle oor God en sy wyse van optrede in die wêreld is (Venter 1983: 12), sluit by die standpunt van ander lesers aan wat Rut beskou as 'a paradigm of God's guiding hand in the life of man' (Thompson 1978: 130) en as 'hidden but absolute causality' (Hals 1984: 759). Daar is veral twee verskynsels in die verhaal self wat tot hierdie standpunt aanleiding gee:

- Boas en Naomi ontmoet mekaar nooit in die verhaal nie en het alleen skakeling met mekaar deur middel van Rut.
- Die karakters in die verhaal het direkte belang by mekaar, maar beweeg in verskillende ruimtes.

Prinsloo (1978: 119; 1980: 334) het reeds by verskillende geleenthede op die eerste verskynsel gewys. Wat belangrik is, is dat hy teologiese betekenis aan hierdie verskynsel heg: 'The theology of the book of Ruth must be seen within this framework' (Prinsloo 1980: 334). Hy het egter nie in besonderhede aangetoon hoe hy hierdie verskynsel by die teologie van die boek uitbring nie. Dit kan gedoen word deur teksimmanente aspekte van die verhaal van nader te bekyk en aandag te gee aan die verteltegniek van die verhaal.

### **DIE VERTELSTRUKTUUR VAN DIE RUTVERHAAL**

Die vertelstruktuur skakel ineen met die linguïstiese struktuur van die werk. 'n Linguïstiese struktuuranalise van die Rutverhaal toon 'n ringskomposisie aan. Inleiding en slot sluit bymekaar aan. In albei is daar 'n familiegeskiedenis 'waarvan die eerste Rut se vroeë geskiedenis en die laaste die geskiedenis van haar nageslag uitmaak' (Loader 1987: 108). Simmetrie binne hierdie ringskomposisie kenmerk die komposisie in sy geheel asook in die afsonderlike perikope (Green 1980: 35). Die werk bestaan uit ses perikope wat simmetries gerangskik is.

1: 1-5 Naomi se geslag begin uitsterf.

1: 6-22 Naomi bevestig haar toekomsloosheid.

2: 1-23 Boas ontmoet Rut en voorsien kos.

3: 1-18 Boas word oorreed om as lossers en eggenoot op te tree.

4: 1-17 Boas trou met Rut en Naomi word ouma.

4: 17-22 Die beroemde nageslag van Naomi.

In dié simmetriese patroon is daar egter 'n kontras ingebou. Die begin van die gebeure staan in skerp kontras met die afloop daarvan. Dit word duidelik wanneer die omstandighede waarmee die verhaal begin, vergelyk word met dié waarmee dit eindig:

#### BEGIN

hongersnood

dood: lys van afgestorwenes

Naomi sonder versorging

Naomi sonder erfgename

Rut 'n weduwee

die Here neem weg

verwyd aan God

Rigterstyd

#### AFLOOP

ingesamelde garsoes

lewe: lys van geboortes

Boas tree op as lossers vir Naomi

Naomi word ouma

Rut getroud met Boas

die Here laat Rut swanger word

loflied tot God

koningstyd.

Tussen die twee eindpunte is daar dus 'n spanningsboog waarin daar 'n ontwikkeling plaasvind. Dit kan gekarakteriseer word as 'n 'movement from emptiness to fullness' (Crenshaw 1986: 334). Daar kom 'n tipies verhaalmatige ontwikkeling voor van 'n 'kinetic plot line' (Thompson 1978: 31) waarin 'n hele reeks verteltegnieke aangewend word. Vir die doel van hierdie artikel is dit voldoende om te wys op aspekte van die verteller se hantering van sy karakters en van die ruimte waarin hulle optree.

## KARAKTERBEELDING

God word nie as 'n 'karakter' in die verhaal uitgebeeld nie. Naomi, Rut en Boas verwys wel na die Here, maar tree nie in gesprek met Hom of staan in interaksie met Hom soos karakters normaalweg met mekaar staan nie. Tog speel God 'n wesenlike rol in die ontwikkeling van die verhaal. Hy is deurgaans aanwesig, maar op 'n onsigbare manier. 'The presence of God permeates the action so subtly that the emphasis falls on the human wit and courage it takes for the characters to improvise a mutually pleasing state of affairs out of their initially desperate straits' (Wojcik 1985: 147). In die verloop van die verhaal word daar wel drie en twintig keer na God verwys (Green 1980: 96). Hierdie verwysings kom oorwegend in formules, soos seënbedes en eedswerings voor (Sasson 1979: 221). Slegs in twee gevalle word verwys na iets wat God op eie inisiatief doen sonder dat iemand gebid of gewens het dat Hy dit sou doen. Hierdie optredes oefen ook direk invloed uit op die ontwikkeling van die verhaal (Sasson 1979: 221). Die een ding wat God doen, staan aan die begin van die verhaal (Rut 1: 6). God gee uitkoms uit die nood deur 'n goeie oes te voorsien. Dit sit die verhaaldeure aan die gang. Naomi keer as gevolg van hierdie wending terug na Betlehem en dit lei tot 'n reeks gebeure wat uiteindelik haar lewe verander. Die ander daad wat God verrig staan aan die einde van die verhaal (Rut 4: 13). Die Here gee aan Rut die gawe van swangerskap. Sodoende word die intrige van die verhaal ontknoop in die geboorte van 'n seun en 'n nageslag vir Naomi. Al die ander verwysings na God se optrede met behulp van formules, staan tussen hierdie twee uiterstes van die spanningsboog. Hulle is volgens Sasson (1979: 221) nie uitbeeldings van God se daede nie en sê niks oor sy aandeel in die gebeure van die verhaal nie. Sy Proppiaanse analise van Rut as volksverhaal ('folk tale') beskou die geformuleerde Godsverwysings as tipiese folkloristiese tegnieke om die voortgang van die vertelling te bewerk. Hy stem nie saam met die analise van onder andere Auerbach, dat daar in hierdie formulerings 'n verwysing na die aandeel van die verborge God in die voortgang van gebeure gelees moet word nie. Volgens Green (1980: 95) is dit egter juis in hierdie formules, veral in die seënbedes, waarin die aandeel van God se daede in die voortgang van gebeure uitgebeeld word. Met uitdrukkings soos 'dit het toevallig gebeur' (עָרַךְ אֶת־עַמְּךָ וְאֶת־עַמְּיָךְ - Rut 2: 3) en deur plegstatige eedswering in die dialoog tussen die karakters 'the fact that Yahweh is actually the acting subject is indicated in a subtle manner' (Prinsloo 1980: 335). In die seënbedes word die karakterrelasies funksioneel ingeskakel in die ontwikkeling van die verhaal. Al die dinge wat vir mense toegebid is in hierdie seënbedes, word juis binne die ruimte van die verhaal uitgevoer. God verhoor die bedes en doen wat gevra is. Wat egter opvallend is, is dat die persoon wat die seënwens uitgespreek het, telkens betrek word in God se uitvoering daarvan

(Green 1980: 95). Boas byvoorbeeld, bid Rut toe dat die Here, onder wie se vleuels sy kom skuil het (Rut 2: 12), haar mag beloon vir haar weldade aan Naomi. Daardie bedede word verwesenlik wanneer Boas self vir Rut onder sy beskerming (letterlik: vleuels - Rut 3: 9) neem en met haar trou. In die opbou van die verhaal is hierdie seënbedes 'not just an extra ornament, but a very direct way of combining human activity with divine in such a way as to make them inseperable; each major character acts as a servant of the Lord to others and at the same time to (it)self' (Green 1980: 96). God se optrede sit nie alleen die gebeure aan die gang en volvoer dit tot 'n hoogtepunt aan die einde nie, maar God is deur die hele ontwikkeling van die verhaal teenwoordig en speel 'n aktiewe rol in die voortgang van gebeure. Teenoor Sasson (1979: 221) is die outeur van mening dat die verhaal wel die verholde werking van God uitbeeld. Die manier waarop Hy teenwoordig is en waarop Hy inwerk op die gebeure, word egter vanuit 'n besondere teologiese perspektief in die verhaal uitgewerk. Die verhaal speel op die alledaagse menslike vlak af. Die verhaal impliseer egter voortdurend dat die gebeure binne menslike ruimte ook 'n Godsdimensie het. God is onsigbaar aanwesig en tree op in en deur die menslike karakters van die verhaal. Daar is 'n baie nou verband tussen menslike prestasie en inisiatief aan die een kant, en die Here se seën aan die ander kant (Prinsloo 1982: 108). Die optrede van die karakters en die daade van God val op 'n manier met mekaar saam wat aan die ont-knoping van gebeure 'n ambivalensie gee van heil vir die menslike karakters en verheerliking van die Naam van God. Hier word van 'n tipe vertellingstaal gebruik gemaak wat Thompson (1978: 13) '... covenantal mythology ...' noem, '... showing God in special relation to certain people and select places which in his freedom he chooses'.

Die perspektief van Goddelike teenwoordigheid en deelname aan die alledaagse wêreld word in die Rutverhaal uitgedruk deur die bepaalde manier waarop die verteller sy karakters uitbeeld. Daar is twee eienskappe van sy tegniek wat hierin 'n wesenlike rol speel: 'n Bepaalde indirektheid in die optrede van sy hoofkarakters en die terughou van enige toneel waarin die hoofkarakters Naomi en Boas mekaar ontmoet. In hierdie twee aspekte van sy karakterbeelding druk die verteller sy oortuiging uit dat God onsigbaar teenwoordig is en indirek deur mense met mense werk.

Die karakters in die verhaal, veral Boas en Rut, funksioneer nooit net ter wille van hulleself nie. Hulle optrede lei altyd tot gevolge wat tot buite hulle eie persoonlike belange strek en die belange van ander mense raak. Die aard van die Rutverhaal is sodanig dat hierdie gevolge altyd gunstig is vir die mense wat daardeur geraak word. Dit maak dat die karakters altyd 'n soort indirektheid vertoon. So byvoorbeeld, lyk die ontmoeting tussen Boas en Rut op die oog af na 'n roman-

tiese ontmoeting wat eventueel op 'n welkome huwelik uitloop. Die huwelik tussen Boas en Rut funksioneer egter nie in die verhaal as 'n doel op sigself nie. Die huwelik beteken wel vir Rut 'n einde aan haar weduweeskap en 'n maatreël vir permanente versorging, maar dit was nie die probleempunt waarby die verhaal begin het nie. Die denouement van die verhaal is 'n lossers en 'n nageslag vir Naomi, en dit is die vraagstukke waarmee die verhaal geopen het. Rut en Boas se 'verhaal' is daar ter wille van Naomi se 'verhaal'. Rut se seun wat gebore word, is 'n seun wat vir Naomi gebore word (Rut 4: 17b). Dit is vir Naomi en haar oorlede seun dat daar 'n lossers gekom het (Rut 4: 14). Rut funksioneer as karakter in die verhaal in terme van haar waarde vir Naomi. Sy is die een wat vir Naomi 'meer werd is as sewe seuns' (Rut 4: 15) - 'n ommekeer van die kinderloosheid en leegheid van Naomi aan die begin van die verhaal. Rut speel deurentyd die rol van 'faithful mediator between Naomi as the needy and Boaz as the benefactor' (Prinsloo 1978: 125). Rut identifiseer haar van die begin van die verhaal af met die lewensruimte en belange van Naomi (Rut 1: 16-17). Haar optrede getuig deurentyd van getrouheid aan Naomi se belange en uitvoering van die opdragte wat sy van haar skoonma ontvang het.

Om die kontoere van die vertellersperspektief duideliker te trek, is dit belangrik om daarop te let dat Rut nie as 'n blote marionet van die begeertes van Naomi uitgebeeld word nie. Naomi is die hooffiguur in die vertelling, maar Rut is die heldin van die verhaal (Berlin 1983: 84). Die verteltyd en die omvang van vertelinhoud wat aan Rut afgestaan word, maak van haar die held van die verhaal (Sasson 1979: 201-2). Sy lê inisiatief aan die dag in haar optrede en laat sake tot haar eie voordeel en tot meerdere voordeel van Naomi verloop. Rut is die karakter in die verhaal wat 'n vrye keuse het en uit eie oorweging haar lot by 'n ouer vrou inwerp. Sy kies vir 'n vreemde land en God, en 'n man om mee te trou (vgl Wojcik 1985: 151). Sy neem die inisiatief op subtile wyse. In beide ontmoetings met Boas is daar dialoog 'involving a request by Ruth and a response by Boaz ...' (Green 1980: 37). In haar eerste ontmoeting met Boas manipuleer sy hom so met haar woordspel dat sy nie bloot net toestemming kry om as armlastige die verlore garshalms agter die snyers op te tel nie, maar dat sy selfs soos een van sy werknemers behandel word, met vrye toegang tot alle geriewe vir die werkers. In haar tweede ontmoeting met Boas, gedurende die nag by die dorsvloer, verbind sy twee sake aan mekaar wat wesenlik apart staan. Op grond van sy losserskapverbintenis aan Naomi oorreed Rut hom om as lossers vir haar skoonma op te tree en boonop haar tot sy vrou te neem (vgl Sasson 1979: 192 en 193). Rut beskik oor die bedreweenhede wat van haar 'n waardige vrou vir Boas sal maak. Soos wat hy 'n man van aansien is (Rut 2: 1), is sy 'n vrou van aansien (Rut 3: 11). Rut het die *chutzpah* (Sasson 1979: 230) om die

knoop deur te haak en die verhaal na 'n gelukkige einde te voer. Die vertelling se 'successful resolution depends on the essential goodness of Ruth and the nobility of her character' (Hunter 1981: 435). Terwyl Rut dus die instrument is in die oplossing van Naomi se probleem, is daar genoeg ruimte vir haar eie inisiatief en vernuf. Volgens die vertellerspektief tree mense in medewerking met God op. Hulle is die instrumente van sy wil en tree ten behoewe van mekaar op. Dit gebeur egter met die volle gebruikmaking van hulle eie talente en verwesenliking van hulle eie begeertes.

Die verteller gebruik tradisionele materiaal oor die aartsvaders, maar verbind dit aan 'n vroulike karakter. Daardeur dui hy aan watter mense in diens van God kan staan. In die eerste ontmoeting tussen Rut en haar toekomstige man Boas, het ons met die tipiese tradisionele 'betrothal type-scene' (Alter 1981: 58-60) te doen. Al die tipiese elemente van 'n bruidegom of sy verteenwoordiger wat na 'n vreemde land reis om 'n eggenote te gaan soek, is aanwesig. Daar ontmoet hy sy toekomstige bruid, gewoonlik by 'n waterput. Die meisie nooi hom na haar huis. Nadat daar geëet is, maak hy die doel van sy sending bekend en die meisie beloof om met hom in die huwelik te tree. In die geval van Rut vind daar ook 'n ontmoeting plaas waar kos versamel word. 'n Uitnodiging om water te drink by die waterput word gerig en 'n gesamentlike ete vind plaas. Anders as in die verhale van Isak en Jakob, is die protagonis hier 'n vrou wat op reis gegaan het. Sy kom nie in 'n vreemde land aan nie, maar kom vanuit 'n buurland in Israel aan. Soos die aartsvaders het ook sy haar ouers en geboorteland verlaat (Rut 2: 11). Hierdeur wil die verteller assosiasies met die stamvaders van Israel by sy hoorders oproep. Rut word met die vroue van die aartsvader, met Lea en Ragel vergelyk (Rut 4: 11). Die verteller wil aantoon dat die dinge wat in die Rutverhaal gebeur en uitloop op die Dawidsdinastie, 'n voortsetting is van God se aandeel in die lewe van die aartsvaders. Daar is 'an eminently monotheistic purpose: To reproduce in narrative the recurrent rhythm of a divinely appointed destiny in Israelite history' (Alter 1981: 60). Anders as in die tradisionele verhale, gebeur dit hier deur 'n vrou wat in die hoofrol staan. Rut funksioneer as 'n soort 'antipatriarch' (Williams 1982: 112). Die bedoeling hiermee is om die oortuiging uit te druk dat die 'divinely appointed destiny' in die lewe van alledaagse mense afspeel. Die wonderagtige en die heroïese is hier uitgeskakel. Die jong weduwee Rut bring die nageslag van Naomi in die wêreld, en nie Naomi self deur een of ander wonderbaarlike gebeure op 'n hoë ouderdom nie. Hier is dit 'n vrou en van alle moontlikhede selfs 'n buitelandse vrou deur wie se toedoen God se sorg vir sy volk gerealiseer word. Die alledaagsheid van God se werkterrein word hier dus na sy breedste denkbare omvang uitgebrei.



Die vertellersperspektief kom ook duidelik na vore in die gebruik van 'n ander stuk tradisionele materiaal. Rut word met Tamar in verband gebring (Rut 4: 12; Gen 38). Soos Tamar was Rut ook 'n kinderlose weduwee. Albei is nie-Israelitiese vrouens. Albei verlei met voorbedagte rade 'n ouer man. Albei word deur die kind wat hulle in die wêreld bring, een van die stammoeders van Israel (vgl Brenner 1985: 106-108). Albei bring seuns voort in die geslagslyn van Dawid (Merrill 1985: 134; Green 1980: 81). Soos met die gebruik van die aartsvadertradisie, word Rut deur die gebruik van hierdie Tamartradisie aangedui as iemand wat onlosmaaklik deel is van God se geskiedenis met Israel. Die verskynsel dat Rut en Tamar van nie-Israelitiese afkoms is, 'exemplify the principle of the sovereign grace of God who is not only able to use, but who seems to delight in using the foreign, the frail, and perhaps even the disreputable to accomplish His eternal purposes' (Merrill 1985: 138). Die verteller dra egter ook sy eie perspektief op die tradisie oor. Rut is nie bloot 'n tweede Tamar nie: '... the Tamar figure is split in two, represented by Naomi-Ruth ... The full sexuality of Tamar has to be represented by Ruth' (Thompson 1978: 134). Naomi beraam die planne, maar Rut moet hulle uitvoer. Rut se vroulike bekoorlikheid en haar *chutzpah* is onlosmaaklik deel van die voortgang van die gebeure. Rut het haar aktiewe inset gelewer deur eers vir Boas te oorreed om haar as een van sy mense en vervolgens as sy vrou te aanvaar. Enersyds dus die werk van God met sy mense en andersyds die aandeel van die mens in die realisering van God se werk in die wêreld. Wanneer Rut vir Boas so ver gekry het om te belowe om met haar te trou en sy op aanbeveling van Naomi alle verdere inisiatief in die hande van Boas (Rut 3: 18) laat, is dit duidelik dat daar aan die menslike inisiatief in die vertellerperspektief grense gestel word (vgl Prinsloo 1982: 109). Die verteller onderskei tussen die aandeel van God soos dit deur Boas na vore kom en dié van die mens deur Rut. Die verteller dissinkroniseer die twee insette in die verdere verloop van die vertelling. Hy doof eers die aandeel van Rut uit deur haar verder in passiwiteit te laat verval en dan so goed as van die toneel te laat verdwyn. Wanneer hy in die finale episode vertel dat Rut 'n seuntjie in die wêreld gebring het (Rut 4: 13), word die geboorte onmiddellik in die verhaal opgeneem in terme van Naomi se belange: Dit is 'n nageslag vir Naomi. Daardeur word die inisiatiewe van Rut uitgebeeld as optrede wat binne die ruimte en die groter verband van God se werk inpas en ondergeskik is aan sy finale seën om die huwelik met kinders te begunstig.

Ook in die karakteruitbeelding van Boas kom die twee elemente voor van menslike inisiatief en God se werking deur middel van 'n mens. Tussen Rut en Boas is daar ooreenkoms, 'n 'common worthiness ... Their strength and goodness draws them to one another and makes their differences productive' (Green 1980:

95). Soos Boas 'n אִישׁ גְּבוּר חָיִל is (Rut 2: 1), ontluik Rut in die verloop van die verhaal in 'n אִשָּׁת חָיִל (Rut 3: 11) (Berlin 1982: 88-89). Ook by Boas is daar inisiatiewe wat die voortgang van die verhaal beïnvloed. Hy vertoon ook *chutzpah* en is ook 'an example of human initiative which achieves its goal by means of a subtle strategy' (Prinsloo 1980: 338). Waar Rut se inisiatief afneem, ontwikkel Boas se optrede vanaf aanvanklik reaktiewe gedrag na selfstandige inisiatiewe. In die eerste ontmoeting met Rut moet Boas reageer en besluit of hy haar in die geleedere van sy werkers wil toelaat. Hy doen dit nie onmiddellik nie, maar eers later tydens die ete nadat hy daarvoor nagedink het. Van daar af begin sy insette toenemend outonoom word. Waar hy by die eerste ontmoeting Rut toelaat om dertien kilogram gars in te samel (Rut 2: 17), gee hy na die tweede ontmoeting by die dorsvloer aan haar ses en twintig kilogram gars (Rut 3: 15). Aan die einde van die verhaal neem hy volledig die inisiatief oor. In die toneel by die stadspoort is Boas besig om die eerste aanspraakmaker op die losserskap met knap diplomاسie te uitoorlê. Hy wou die spreekwoordelike twee vlieë met een klap doodslaan. Rut het hom gevra om met haar te trou. Dit is sy een doelwit. Maar Rut het hom tot die huwelik oorreed deur op sy plig teenoor Naomi te wys. Boas speel nou 'n fyn diplomاسiese set met die eerste lossers. Hy verswyg aanvanklik sy voorgenome huwelik met Rut. Eers wanneer die lossers instem om Naomi se grond te koop, maak Boas sy plan met Rut bekend en wys die lossers daarop dat die eiendom wat hy koop, steeds bedreig word deur die verbintenis van Rut aan Naomi. Sodra Rut kinders in die wêreld bring, is daar erfgename vir Naomi se seun Maglon en dus erfgename vir die eiendom wat die lossers by Naomi koop. Dit sal uit sy hande gaan wanneer Rut se kinders dit moet erf. Deur vernuftige regsmanipulasie kry Boas dus twee dinge gelyktydig reg: Hy trou met Rut en hy tree op as lossers van Naomi. Daardeur behou Rut boonop haar verbintenis met haar skoonma, omdat haar man ook haar skoonma se lossers en versorger is (vgl Sasson 1979: 194, 230). So word die aspek van menslike vernuf as onderdeel van die gebeure beklemtoon.

Naas die rol van iemand wat inisiatief neem in gebeure, speel Boas ook die rol van iemand deur wie God hom oor mense ontferm. Sasson (1979: 208) verwys in sy Propheaanse model na die funksie van Boas as dié van die 'donor'. Boas is goedhartig, gasvry (Rut 2: 8-9), voorsien kos (Rut 2: 9, 14), vertrou (Rut 2: 11-12), en verleen voorregte op sy gasland (Rut 21: 15-16) (vgl Green 1980: 90). Rut se pleidooi dat Boas haar in sy bekerming moet neem (בְּנִיחָהּ - Rut 3: 9) is binne die struktuur van die verhaal 'n betekenisvolle woordspeling op die beskerming van God (בְּנִיחָהּ - Rut 2: 12). 'Boas is actually indicated here by Ruth as the substitute and instrument of Yahweh' (Prinsloo 1980: 338). Die rol van Boas is so verweef met die werk van God dat hulle 'identical on

some level of the story, though distinct on others...' (Green 1980: 36) is. Boas bewerkstellig nie alleen deur sy optrede self die uitvoering van die beloning wat hy vir Rut van God toegewens het nie (Rut 2: 12), hy word self die vleuels van God waaronder Rut kom skuil het. Soos God vir sy volk uitkoms bring deur aan hulle 'n goeie oes te gee (Rut 1: 6), stel Boas sy lande tot Rut se beskikking en gee hy vir haar gars om huis toe te neem. Boas gee aan Rut 'n nuwe tuiste en hy gee deur sy huwelik met haar aan Naomi die nageslag waarop sy alle hoop laat vaar het. Net soos Rut, strek al die gebeure waarin Boas betrokke is en wat hy insieer verder as sy eie belange. Wat Boas doen, lei tot 'n seun wat vir Naomi gebore word en 'n geslagsregister wat op Dawid uitloop. Deur Boas is dit in laaste instansie God self wat optree in die lewe van mense.

Naomi is in der waarheid die 'central character in the book. All other characters stand in relation to her' (Berlin 1983: 83). Die hele verhaal word vanuit haar perspektief vertel (Berlin 1983: 84). Haar probleem is die eintlike vraagstuk waarmee die vertelling worstel. Dit is haar probleem waarmee die verteller die hoorders wil laat identifiseer. In die vertelling wil hy die hoorders saamvoer met die dramatiese ontwikkeling wat daar by haar plaasvind. Die hoorders moet in die vertelgebeure saam met Naomi groei en saam met haar die ontdekking beleef van die antwoord op die lewensvraag na waar God is en hoe God met ons werk. Daarom is Naomi ook 'a character of complexity' (Fewell & Gunn 1988: 102). Sy is baie meer lewensgetrou as enige van die ander idilliese en simplistiese karakters. Rut is die goeie vrou wat altyd goed bly en haar vernuf inspan om goed te doen aan Naomi. Boas is die goeie man wat van die begin af die weldoener is en in die loop van die verhaal ontdek hoe hy ook goed kan wees vir Rut en Naomi. Naomi is egter die een wat verloor en weer wen. Sy verander van verbitterde mens in geseënde vrou. In hierdie dramatiese ontwikkeling worstel sy met haar vroeë oor haar voortbestaan, met die nodigheid dat Rut haar vergesel, met die betekenis van Boas se familieverwantskap aan haar. Sy is die Jobsfiguur wat die Here in haar lewe negatief beleef en die regverdigheid van God bevraagteken (Rut 1: 20-21). Daar is by haar 'n bepaalde ironie aanwesig, veral in haar verhouding met God. Sy maak opmerkings in Rut 1: 11-13 oor haar self en in Rut 1: 20-21 oor haar posisie voor God waarin daar 'n baie sterk ironiese inslag aanwesig is. Hierdie opmerkings ('evaluations' - Berlin 1983: 102) neem die situasie in oënskou en beklemtoon die 'point of the story' (Berlin 1983: 105). Dit '... stop the action and focus attention on a particular facet in order to bring out the point(s) of the narrative ... (Berlin 1983: 105). Die funksie van die ironiese opmerkings van Naomi '... is to cause us to reflect upon the relationship between her affliction and that of the land, between death at the hands of the Lord and the return of plenty from that same hand' (Green 1980:

56). Naomi is die een persoon in die vertelling wat albei kante van die munt leer ken het, wat meer verloor het as enige van die ander karakters en wat meer gevind het as hulle almal saam. Sy moes die leerskool deurmaak om te ervaar dat God teenwoordig is in sowel haar verlies as haar begenadiging. Meer nog, Naomi moes nie net die les leer dat God steeds teenwoordig is deur soet en suur nie, maar sy moes leer om op 'n nuwe wyse oor God en sy wyse van optrede in die lewe te dink. En juis in die uitbeelding van hierdie nuut-leer-dink oortref die verteller homself wanneer hy net soveel oor Naomi sê as wat hy oor haar verswyg en deur hierdie tegniek van 'reticence' en 'gaps' (Fewell & Gunn 1988: 102) die leser subtiel intrek in die vertelgebeure om met Naomi se probleem te identifiseer en deur lesersreaksie en reflektiewe denke self deel te word van 'n leergebeure waarin God se aandeel in die alledaagse lewe nuut ontdek word.

Die leerskool wat Naomi deurmaak, word nie eksplisiet in die vertelling uitgebeeld nie. Dit kom eerder implisiet na vore in haar verhouding met die ander karakters. In daardie verhoudings vind daar 'n stelselmatige ontwikkeling plaas wat parallel loop aan haar ontdekking van die Here se verhouding met haar. Naomi sien aanvanklik geen weg oop na die toekoms nie. Sy is verbitter en beskou haar lot as iets wat God vir altyd beseël het. Algaande begin sy egter ontdek dat daar wel 'n toekoms is. Na hongersnood kom daar weer ooste en na die winter weer lente. In die gars wat goeies en gedors word en in die huwelik van Rut en die geboorte van 'n nageslag ervaar sy God wat nog steeds in haar lewe teenwoordig is en met haar besig is. Sy ontdek veral dat Hy deur mense sy werk doen. Sy ontdek opnuut haar eie menswaardigheid voor God en begin in toenemende mate self aan gebeure deelneem. Sy begin haar insette lewer deur die planne wat sy met Rut se hulp uitvoer en sy ervaar in Rut se huwelik die vervulling wat sy gedink het vir haar vir ewig verlore is.

In haar verhouding met Rut is sy aanvanklik afwysend. Sy sien geen voordeel in die geselskap van haar skoondogter nie. Soos wat die verhaal egter vorder, maak sy al meer op Rut staat. Rut is haar verlengstuk, haar *alter ego*, deur wie sy weer begin deelneem aan gebeure rondom haar. Met skrandtheid begin sy die moontlikhede wat sy deur Rut het, algaande ontdek en dit opvolg. Sy maak al groter planne met Rut. Rut word uiteindelik haar 'sexual proxy' (Thompson 1978: 134) om Boas te bewege om die weldade te verrig waarvan sy afhanklik is.

Dit is in haar verhouding met haar weldoener Boas, waarin haar verhouding met haar God die duidelikste na vore kom. Sy manipuleer Boas deur Rut en stel haarself afhanklik van sy besluite en weldade. Maar sy ontmoet hom nooit en verskyn nooit in die vertelling saam met hom in een toneel nie. Naomi staan dus deur Rut in dialoog met 'n persoon wat sy nooit binne die vertelling ontmoet nie. Dit is

voortdurend 'n instrumentele en indirekte dialoog. Tog is dit effektiewe kontak tussen Boas en Naomi waardeur sy die volvoering van haar doelwit bewerkstellig. Binne die raamwerk van die vertelling is hierdie dialoog eintlik dialoog tussen God en Naomi. Naomi het die handskoen gewerp toe sy God daarvan beskuldig het dat Hy die Een is wat die lewe vir haar bitter gemaak het, wat haar leeg laat terugkom het (Rut 1: 20-21). God beantwoord hierdie aanklag op 'n wyse wat Naomi eers in die ontwikkeling van die gebeure leer begryp en leer saamleef. Sy leer om God onbevooroordeeld toe te laat om op onsigbare en indirekte wyse dialoog met haar te voer deur van mense en van alledaagse gebeure gebruik te maak. So is Hy steeds in haar lewe teenwoordig en verrig Hy sy dae. Naomi leer om in hierdie gesprek met God nie passief te wees nie. As God dan deur mense en gebeure werk, werk Hy ook deur haar en haar menslike insette. Sy werp haar vermoëns van hart en verstand in hierdie dialoog met die Here in, vas oortuig dat God daarvan gebruik sal maak soos Hy wil. So word dit lewendialoog tussen die ewige onsienlike God en die kwesbare mens wat tussen dood en lewe beweeg.

### VERTELLERSTEGNIEK EN RUIMTE

Wanneer die verteller sy perspektief aan die lesers oordra deur sy hoofkarakters (Boas en Naomi) nie mekaar te laat ontmoet nie, nie in dieselfde ruimte op dieselfde tyd te laat verkeer nie, word ruimte 'n tegniese aspek van die vertelstrategie. Die karakters in die Rutverhaal tree telkens in 'n verteltoneel of speelruimte op, wat daadwerklik bydra tot die uitbeelding van daardie karakters en tot die intrige van die verhaal. Die toneel van die garmland, die dorsvloer en die stadspoort dra direk by tot die uitbeelding van mense wat mekaar bystaan en tot die gedagte van groei en voortgang. Die belangrikste ruimte in die verhaal is egter die ruimte wat nie genoem word nie. Dit is daardie ruimte waarin Naomi en Boas se belange ontmoet, waar God en Naomi se dialoog gevoer word. Hierdie ruimte is verskans in die alledaagse toneel van mense wat mekaar ontmoet en deur hulle optrede nie net vir mekaar dien nie, maar onbewus en tegelyk belange dien wat bo hulle eie persone en tyd uitgaan. In daardie ruimte is die onsigbare God aanwesig en tree Hy op in en saam met mense in wie se lewe die liefde en trou van die geloof tot wasdom gekom het. Daardie ruimte word doelbewus nie uitgebeeld nie om die impak van die verhaal op die hoorder te verhoog. In die sentrum van die verhaal staan dus 'n ruimte:

NAOMI deur RUT → [                      ] ← BOAS namens GOD

Die wyse waarop hierdie ontmoetingsruimte in die verhaal hanteer word, of dan doelbewus nie hanteer word nie, is 'n voorbeeld van waar 'ruimte dus kan bydra tot die simboliese van 'n vertelling (en) kan daar met groot sekerheid aanvaar word dat dit as belangeruimte in die vertelling funksioneer' (Van Eck 1986: 344). Die ruimte wat in die verhaal nie uitgebeeld word nie, is die belangeruimte waarin die simboliek van die dialoog tussen God en mens afspeel. Die sigbare alledaagse toneel word in die verhaal die punt van die ysberg. Die manier waarop dit hanteer word binne die vertelgebeure, fokus die aandag op iets wat daar agter lê. Sonder die sigbare en alledaagse kan die dialoog met God nie gevoer word nie. Maar onsigbaar en agter die alledaagse staan die simboliese betekenis van die lewendialoog met God. Daar is geen deïfisering van mense en alledaagse gebeure in die verhaal nie, maar 'n evaluering van die alledaagse binne die God-mens dialoog wat dikwels aan die alledaagse 'n onmiskenbare ironiese trek verleen. Dit kan nader aangetoon word deur op die hantering van verskillende ruimtelike aspekte in die verhaal te verwys.

Dit is van belang dat Thompson (1978: 123-141) in sy werk oor Bybelse vertel-literatuur die verhaal van Rut in die afdeling 'Dynamics: Time, space and movement in the Old Testament', onder die opskrif 'Land and exile: Spatial orientation' behandel. Die ruimtelike oriëntering van die verhaal maak veral gebruik van die geografiese eindpunte Moab-Betlehem. Dit is egter duidelik binne die raamwerk van die verhaal dat geografiese plekke 'not only contributes to the plot of the story, but stands for more than its geographical reality and hence contributes associations and suggests relationships that broadens the story' (Green 1980: 65).

Terwyl daar baie moontlik 'n polemiese historiese agtergrond vir die skrywer se gebruik van Moab en Bethlehem kan wees, laat hy sy verteller die twee plekname op 'n heel ironiese wyse gebruik. Moab is die ruimte wat uitkoms bied uit die hongersnood. Moab is tegelykertyd in die verhaal die ruimte van verlies. Naomi se man en seuns sterf daar. Wanneer Naomi na Bethlehem terugkeer, word Moab die simbool van Naomi se futiele weggaan uit Bethlehem. Moab word egter in Rut ook die paradoksale aanduiding van die onverwagte oord waaruit Naomi se redding kom.

Betlehem word tradisioneel beskou as die plek wat die roemryke Dawid opgelewer het. Iets van die tradisie word weerspieël in die aanwesigheid in die Ou Testament van die Betlehemtrilogie: Rigters 17-18, 19-21 en Rut. Verskillende navorsers word deur hierdie tradisie beïnvloed wanneer Bethlehem in die verhaal gesien word as die beskermgod se '... place of residence or refuge ...' (Hunter 1981: 435), as die plek waar Rut 'progeny and fulfillment' (Hempel, in Thompson 1978:

135) vind. Binne die verhaal is Betlehem egter, ironies genoeg, die plek van hongersnood wat Elimelek en sy gesin moet verlaat om te oorleef. Vir Naomi en Rut word Betlehem die plek van vervulling en rus. Die opmerking van Green (1980: 64) laat meer reg geskied aan die verhaal wanneer sy van Betlehem sê: 'It shares in the alternation between life and death, famine and plenty'. Sowel Moab as Betlehem staan binne die ironiese dialoog tussen God en mens. Enige plek is net so goed as enige ander plek vir God. 'n Plek kan 'n plek van hongersnood en van oorvloed wees. Waar die plek ook al is en wat die omstandigheid daar ook al is, God staan in volgehoue dialoog met sy mense.

Hierdie gedagte word ook ondersteun deur die betiteling van die boek as Rut. Daar word sewe keer na Rut verwys as die vrou uit Moab. Hierdie verwysing kan om 't ewe as etniese verwysing of as geografiese verwysing gelees word. Wanneer die voorman van die werkers (Rut 2: 6) en Boas (Rut 4: 4, 10) na Rut verwys as die Moabitiese vrou, is dit 'an objective token of identification' (Berlin 1983: 88). Wanneer dit egter in die gesprekke tussen Rut en Naomi (Rut 2: 2, 21) gebruik word, 'indicates (it) an underlying tension - an opposition in the story between foreignness and familiarity ... The story seems to be wrestling with the problem of identity' (Berlin 1983: 88). Meer egter as identiteit, het dit met Naomi se leerskool te doen. Dit is deel van haar worsteling om God en sy manier van doen met haar te verstaan. Wanneer sy in bitterheid terugkeer uit Moab wil sy nie die Moabitiese skoondogters met haar saamneem nie. Die paradoks is egter dat Naomi in Betlehem uitkoms ontvang deur 'n vrou uit Moab. Terwyl Betlehem die beskermingsruimte en die tradisionele setel is van haar God, is dit 'n persoon uit die ruimte, wat Naomi met dood en verlies assosieer, wat instrumenteel word in haar uitkoms. Hier is groot ironie te bespeur: 'She owes her restoration to a woman, to Ruth the Moabite woman, to Ruth the woman whose radical action challenges the male-centered values that permeate both the story and Naomi's worldview' (Fewell & Gunn 1988: 107). Meer volgens die struktuur van die verhaal gestel: Naomi het nie gedink dat daar vir haar 'n toekoms is nie. Sy moes leer dat God vir haar 'n toekoms kon skep en dit deur van die mense om haar gebruik te maak. Deur die ironiese gebruik van die geografiese gegewens van Betlehem en Moab en die etnies-geografiese gegewens van Rut, beeld die verteller die dramatiese van Naomi se leerskool uit. Sy leer nie net dat God met haar deur mense werk nie, maar leer dat Hy selfs deur die mense en die plekke werk wat sy afgewys het. Die hoorders leer saam met Naomi die derde dimensie van God se teenwoordigheid ken, ook op die plekke en in die ontmoeting met die mense aan wie hulle geen waarde geheg het nie.

---

**Literatuurverwysings**

- ALTER, R 1981. *The art of Biblical narrative*. New York: Basic Books.
- BERLIN, A 1983. *Poetics and interpretation of Biblical narrative*. Sheffield: Almond.
- BRENNER, A 1985. *The Israelite woman: Social role and literary type in Biblical narrative*. Sheffield: JSOT.
- CRENSHAW, JL 1986. *Story and faith: A guide to the Old Testament*. New York: Macmillan.
- DE BRUIN, GS 1988. Resepsieteorie en Hooglied. Ongepubliseerde BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.
- FEWELL, DN & GUNN, DM 1988. A son is born to Naomi! Literary allusions and interpretation in the book of Ruth. *JSOT* 40, 99-108.
- GKN-RAPPORT 1981. *God met ons ... over de aard van het Schriftgezag ...* Utrecht: Tijn Libertas.
- GREEN, BG 1980. A study of field and seed symbolism in the Biblical story of Ruth. Doktorale tesis, Graduate Theological Union, Berkeley, California.
- HALS, RM 1984. Ruth, Book of, in *Interpreter's Dictionary of the Bible, Supplementary Volume*, 758-759. Nashville: Abingdon.
- HEYNS, JA 1987. Respons op FE Deist, Relatiewisme en absolutisme: Kan dit oorkom word? Oor 'Bybelse' en 'dogmatiese' teologie, in *Ou Testament Teologie: Gister vandag en môre*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- HUNTER, A 1981. How many Gods had Ruth? *SJTh* 34, 427-436.
- LOADER, JA 1987. Rut, in Bosman, HL & Loader, JA (red) 1987, *Vertellers van die Ou Testament*. Kaapstad: Tafelberg.
- MERRILL, EH 1985. The book of Ruth: Narration and shared themes. *Bibliotheca Sacra* 142/566, 130-141.
- PRINSLOO, WS 1978. The function of Ruth in the book of Ruth, in Van Wyk, WC (ed) 1978, *Aspects of the Exegetical Process*. OTWSA 20 (1977) and OTWSA 21 (1978) Old Testament Essays. Pretoria Wes: NHW Press.
- PRINSLOO, WS 1980. The theology of the book of Ruth. *VT* 30, 330-341.
- PRINSLOO, WS 1982. *Die boek Rut*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- SASSON, JM 1979. *Ruth: A new translation with a philological commentary and a formalist-folklorist interpretation*. Baltimore: The John Hopkins University Press.
- THOMPSON, LL 1978. *Introducing Biblical literature: A more fantastic country*. Englewood Cliffs: Prentice Hall.
- VAN ECK, E 1986. Die funksie van ruimte in die narratologie. *HTS* 42, 339-349.



- VENTER, PM 1983. Die Bybelboek Rut - 'n Bybelse novelle. Intreerede, Universiteit van die Noorde, Reeks C 78. Pietersburg: Universiteit van die Noorde.
- WILLIAMS, JG 1982. *Women recounted: Narrative thinking and the God of Israel*. Sheffield: Almond Press.
- WOJCIK, J 1985. Improvising rules in the book of Ruth. *PMLA* 100, 145-153.